PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

LUG U MENING

Wysigingswetsontwerp op die Verdeling van Inkomste [B 29 – 2026]
Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp [B 30 – 2026
Spesiale Begrotingswetsontwerp (2026-27-boekjaar) [B 31 – 2026]

Uitnodiging om Openbare Voorleggings en Kommentaar

Die Gekose Komitee oor Begrotings nooi belanghebbendes en belangstellende partye om skriftelike voorleggings te doen oor die Mediumtermyn-begrotingsbeleidsverklaring (MTBBV) vir 2026 wat op 21 Oktober 2026 in die Parlement ter tafel gelê is.

Die Minister van Finansies het die 2026-MTBBV (met inbegrip van die Wysigingswetsontwerp op die Verdeling van Inkomste, die Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp en die Spesiale Begrotingswetsontwerp vir die 2026-27-boekjaar) ooreenkomstig artikel 6(1) en artikel 12 van die Wet op Geldwetsontwerpe en Verwante Aangeleenthede, Wet No 9 van 2009 (die Wet), ter tafel gelê. Ingevolge die Wet moet die begrotingskomitees van die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies die volgende aangeleenthede oorweeg en daaroor verslag doen:

- die bestedingsprioriteite van die nasionale regering vir die volgende drie jaar;
- die voorgestelde verdeling van inkomste tussen die regeringsfere en tussen die staatsorgane binne 'n sfeer vir die volgende drie jaar; en
- die voorgestelde wesenlike aansuiwerings aan voorwaardelike toewysings aan provinsies en plaaslike regering, indien enige.

Virtuele openbare verhore sal soos volg gehou word:

Wysigingswetsontwerp op die Verdeling van Inkomste [B 29 - 2026]:

- Vrydag, 20 November 2026Voorleggings en/of 'n aanduiding van u voorneme om 'n mondelinge voorlegging te doen, moet teen nie later nie as 16:00 op Dinsdag, 17 November 2026, ontvang word.

Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp [B 30 – 2026] en Spesiale Begrotingswetsontwerp (2026-27-boekjaar) [B 31 – 2026]:

- Woensdag, 02 Desember 2026 Voorleggings en/of 'n aanduiding van u voorneme om 'n mondelinge voorlegging te doen, moet teen nie later nie as 16:00 op Maandag, 30 November 2026, ontvang word.

Voorleggings moet gerig word aan die komiteesekretarisse, mnr L Nodada by **lnodada@parliament.gov.za** (083 412 1526) en me E Grunewald by **egrunewald@parliament.gov.za** (071 363 2257).

Afskrifte van die Wysigingswetsontwerp op die Verdeling van Inkomste [B 29 – 2025], die Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp [B 30 – 2026] en die Spesiale Begrotingswetsontwerp (2026-27-boekjaar) [B 31 – 2026] is beskikbaar by **www.parliament.gov.za** en **www.treasury.gov.za.**

Uitgereik deur agb T I Legwase, LP, Voorsitter: Gekose Komitee oor Begrotings (Nasionale Raad van Provinsies).